



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

INTERMEDIÊRE FASE

GRAAD 6

NOVEMBER 2018

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: 30

TYD: 2 uur

NAAM EN VAN: _____



Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	Kreatiewe skryfwerk	(15 punte)
AFDELING B:	Transaksionele teks	(15 punte)

2. Lees jou vrae en instruksies deeglik.

3. Gee aandag aan spelling, leestekens en sinskonstruksie.

4. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KREATIEWE SKRYFWERK – 'n STORIE (OPSTEL)

Kies EEN van die onderstaande onderwerpe en skryf 'n storie van ongeveer 150 woorde (4–5 paragrawe en 4–5 sinne per paragraaf).

ONTHOU DIE VOLGENDE


1. **Beplan** jou storie.
Gebruik 'n kopkaart / vloeddiagram of sleutelwoorde.
Hersien, redigeer en skryf jou finale weergawe.
2. Skryf 'n openingsin.
3. Gebruik verbindingswoorde (en, maar, want, omdat, ens.).
4. Gebruik byvoeglike naamwoorde (beskrywende woorde).
5. Skryf 'n gepaste slot.
6. Hou by die onderwerp.
7. Let op spelling, woordeskat en leestekens.
8. **Onthou om 'n titel vir jou storie neer te skryf.**
9. Tel die woorde aan die einde van die skryfstuk en skryf dit tussen hakies onderaan die skryfstuk neer.
LET WEL: Die titel word nie in aanmerking geneem wanneer die woorde aan die einde van die skryfstuk getel word nie.

1.1 Die dag toe ... (voltooi jou eie titel)

Skryf oor die dag toe jy iets opwindend / interessant / ongewoon / anders gedoen het.

Jy mag van die volgende idees in jou skryfwerk gebruik:

- Wat het jy gedoen?
- Waar, wanneer en hoe het jy dit gedoen?
- Vertel hoe jy gevoel het toe jy dit gedoen het.
- Wie was saam met jou of was jy alleen?




[15]

OF

1.2 Beskryf jou ideale skool.

Jy mag van die volgende idees in jou skryfwerk gebruik:

- Tipe onderwysers
- Tipe vakke en sport wat aangebied word
- 'n Tipiese dag by die skool
- Skooluniform of nie?



[15]


OF

1.3 Skryf 'n kort storie (soos 'n fabel) waarin jy beskryf / vertel waarom haas lang ore het.

Vertel hoe hy eers kort ore gehad het en wat gebeur het dat hy nou lang ore het.

Jy mag van die volgende idees in jou skryfwerk gebruik:

- Hoe het hy met sy kort ore gelyk?
- Wat het gebeur dat hy nou lang ore het?
- Hoe het die ander diere gereageer toe hulle sy lang ore sien?
- Hoe het dit haas laat voel?
- Hoe gebruik hy nou sy lang ore?



[15]

OPSTEL – BEPLANNING

**RAAMWERK
SKRYF 'n STORIE / OPSTEL**

ONDERWERP:

Paragraaf 1:

INLEIDING

- _____

- _____

Paragraaf 2:

MIDDEL

- _____

- _____

Paragraaf 3:

MIDDEL

- _____

- _____

Paragraaf 4:

MIDDEL

- _____

- _____

Paragraaf 5:

SLOT

- _____

- _____

Puntetoekenning vir AFDELING A

OPSTEL

KRITERIA	MAKSIMUM PUNT	LEERDER PUNT
Uitleg	5	
Taalgebruik en -strukture	6	
Inhoud	4	
Totaal	15	

TOTAAL AFDELING A: 15

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKS**'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF ÓF 'n DAGBOEKINSKRYWING**

Kies EEN van die onderstaande onderwerpe en skryf 'n vriendskaplike brief **OF** 'n dagboekinskrywing.

ONTHOU DIE VOLGENDE

1. Gebruik die regte formaat vir jou informele brief.
2. Jou brief moet 80–100 woorde lank wees en ten minste VIER PARAGRAWES met 2–4 sinne per paragraaf bevat.
3. Tel jou woorde en dui dit aan.
4. Gee aandag aan taalgebruik, spelling en leestekens.

- 2.1. Skryf 'n brief aan jou vriend(in). Vertel hom/haar wat julle by jul huis en skool doen om water te bespaar.
Jy mag van die volgende idees in jou brief gebruik:

- Hoe en waarvoor gebruik julle water.
- Wat doen julle om minder water te gebruik.
- Hoe laat dit jou voel om te weet dat jy help om water te bespaar?



[15]

OF

- 2.2 Skryf 'n brief aan jou vriend(in). Vertel vir hom/haar van 'n nuwe stokperdjie wat jy begin het.

Jy mag van die volgende idees in jou brief gebruik:

- Dink aan stokperdjies soos skaatsplankry, kitaar of klavier speel, branderplankry, musiekversamel, foto's neem, of enige ander stokperdjie wat jou interesseer.
- Wanneer doen jy dit?
- Wie doen dit saam met jou, of doen jy dit alleen?
- Wat het jy nodig?
- Waarom hou jy daarvan en hoe laat dit jou voel?

[15]

OF

Dagboekinskrywing


2.3 Maak 'n dagboekinskrywing oor 'n skoolkamp wat jy bygewoon het.

ONTHOU DIE VOLGENDE

1. Gebruik die regte formaat vir jou dagboekinskrywing.
2. Skryf sowat 80–100 woorde. Tel die woorde en dui dit aan die einde aan.
3. Skryf in die eerste persoon (ek, my) en in die verlede tyd.
4. Skryf die datum en dag bo-aan.
5. Vertel in die volgorde waarin dit gebeur het.
6. Gee aandag aan spelling en leestekens.

Jy mag van die volgende idees in jou dagboekinskrywing gebruik maak:

- Waar het julle gaan kamp?
- Wanneer was die kamp?
- Wie het almal saamgegaan?
- Wat het julle gedoen toe julle daar aankom?
- Wat het julle na middagete gedoen?
- Wat het julle in die aand gedoen?
- Waar het julle geslaap?
- Hoe het jy oor die kamp gevoel?



BRIEF

Blank writing area with horizontal lines.

Punttoekenning vir AFDELING B.

VRIENDSKAPLIKE BRIEF:

KRITERIA	MAKSIMUM PUNT	LEERDER PUNT
Uitleg	5	
Taalgebruik en -strukture	6	
Inhoud	4	
Totaal	15	

DAGBOEKINSKRYWING:

KRITERIA	MAKSIMUM PUNT	LEERDER PUNT
Uitleg	6	
Taalgebruik en -strukture	4	
Inhoud	5	
Totaal	15	

TOTAAL AFDELING B: 15
GROOTTOTAAL: 30